Sondag 24 Julie 2022 - Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Lied 175:1
Geloofsbelydenis (Nicea)
Riglyn vir ons nuwe lewe - 1 Tes. 5:12-24
Kom ons bely wat verkeerd is
Lied 245:1&3
Gebed
Lied 257:1-2
Skriflesing: Matt. 1:18-25 (83 AV)
Kernverse: Matteus 1:21, Joh. 14:6, Hand. 4:12 (83 AV)
Heidelbergse Kategismus: Sondag 11
Tema: Net Jesus alleen verlos my van al my sonde!
Preek
Gebed
SB 12-5:1
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Net Jesus alleen verlos my van al my sonde!**

**Inleiding**

**A. Die Naam "Jesus" beteken "Verlosser"**

1. Josef se verloofde, Maria, word swanger sonder dat hulle gemeenskap gehad het. (v. 18)
2. Vir Josef moes dit 'n reuse skok gewees het.
3. Dit laat Josef basies met een van twee keuses: Maria moet gestenig word, of hy moet van haar skei in die geheim.
4. God gee Josef 'n derde opsie – hy kan steeds met Maria trou! (v. 20)
5. God beveel hom om die kind Jesus te noem, wat Verlosser beteken. (v. 21)
6. Josef is gehoorsaam aan God, ongeag wat mense sê of dink, en wat die gevolge mag wees. (v. 24)
7. Die Babaseuntjie word Jesus genoem. (v. 25)
    a. Hy verlos ons van die skuld van sonde, die mag van sonde en die gevolge van sonde.

**B. Nét Jesus kan ons verlos**

1. Party mense beweer vandag daar is baie paaie na God, die Christelike geloof is maar een van baie paaie.
2. Ander beweer die Christelike geloof is die hoofpad na God, maar daar is ook sypaadjies en ompaadjies.
3. Joh. 14:6: "*Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie*".
4. Hand. 4:12: "*Hý - Jesus - bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.*"

**C. Jesus verlos ons volkome van al ons sondes**

1. Mense wil graag iets bydra tot hulle verlossing.
2. Ook in die tyd toe die Heidelbergse Kategismus opgestel is, wou mense in die Roomse kerk bydra tot hulle eie verlossing.
3. Indien jy glo dat jyself, of iets, of iemand anders tot jou verlossing moet bydra, dan glo jy dat Christus se verlossingswerk nie volkome was nie.
4. Die Bybel leer ons duidelik: Christus se verlossingswerk is volkome!